## Verkiesingsproses

## KANSELIER

**4. Funksies van die kanselier**

(1) Die kanselier is die titeldraende Universiteitshoof.

(2) Die kanselier, of in sy of haar afwesigheid die persoon wat aangestel is om namens die kanselier op te tree, tree as voorsitter op by alle samekomste van die Universiteit, of samekomste in die naam van die Universiteit, verleen magtiging vir alle grade en ken alle diplomas en sertifikate toe.

**5. Verkiesing van die kanselier**

(1) Die kanselier word deur ’n kieskollege verkies.

(2) Die registrateur moet die kieskollege ten minste drie maande voor die aanvang van die ampstermyn konstitueer, of wanneer die amp ook al vakant raak.

(3) Die kieskollege bestaan uit –

**(a)** die president van die konvokasie;

**(b)** een-en-twintig lede verkies uit hul eie geledere deur die gegradueerdes en persone wat diplomas en sertifikate verwerf het, op die wyse soos in subparagraaf (5) voorgeskryf;

**(c)** ses lede verkies deur die akademiese personeel uit hul geledere, en op die wyse soos in subparagraaf (6) voorgeskryf;

**(d)** ses lede verkies deur die professionele, administratiewe ondersteuning- en dienste-personeelkorps uit hul geledere, en op die wyse soos in subparagraaf (7) voorgeskryf; en

**(e)** ses studente verkies deur die verteenwoordigende studenteraad (SRC).

(4) Die prosedure vir die benoeming van kandidate vir verkiesing tot kanselier is soos volg –

**(a)** Die registrateur moet ’n kennisgewing op sodanige wyse publiseer as waarop die raad van tyd tot tyd besluit, om benoemings vir die pos te vra.

**(b)** Elke benoeming moet skriftelik wees en moet –

i. deur ten minste 20 en nie meer nie as 30 mense onderteken wees, waarvan elkeen ’n lid van die konvokasie, of ’n personeellid, of ’n student moet wees;
ii. vergesel wees van die skriftelike aanvaarding van sy of haar benoeming deur die benoemde, asook ’n verklaring deur hom of haar van nie meer as 200 woorde nie, waarin sy of haar curriculum vitae en kandidatuur saamgevat is; en
iii. deur die registrateur ontvang word teen die datum wat hy of sy in die kennisgewing spesifiseer, of teen sodanige later datum as wat deur die raad gekondoneer mag word.

(5) Die prosedure waarvolgens die gegradueerdes en diploma- en sertifikaathouers 21 persone uit hul eie geledere tot lede van die kieskollege verkies, is soos volg –

(a) Die registrateur moet ’n kennisgewing op sodanige wyse as wat die raad besluit, publiseer om benoemings te vra.
(b) Elke benoeming moet skriftelik wees en moet –
  (i) deur ses mense onderteken word, wat gegradueerdes, of diploma- of sertifikaathouers moet wees;
  (ii) vergesel wees van die skriftelike aanvaarding van sy of haar benoeming deur die benoemde, asook ’n verklaring deur hom of haar van nie meer as 200 woorde nie, waarin sy of haar curriculum vitae saamgevat is; en
  (iii) deur die registrateur ontvang word teen die datum wat hy of sy in die kennisgewing spesifiseer.
(c) Indien die registrateur 21 of minder benoemings ontvang, moet hy of sy diegene wat benoem is as behoorlik verkies verklaar.
(d) Indien die registrateur meer as 21 benoemings ontvang, moet hy of sy ’n stemming onder gegradueerdes en diploma- en sertifikaathouers hou nadat die verklarings van die kandidate vir die verkiesing gepubliseer is. Oor die metode waarop die stemmery sal plaasvind, sal die raad van tyd tot tyd besluit.
(e) Indien die registrateur minder as 21 benoemings ontvang, moet hy of sy die proses beskryf in (a), (b) en (c) herhaal om die getal van 21 kandidate te verkry.

(6) Die prosedure waarvolgens die akademiese personeel ses lede uit hul eie geledere verkies om lede van die kieskollege te wees, is soos volg –

(a) Die registrateur moet ’n kennisgewing op sodanige wyse as wat die raad besluit, publiseer om benoemings te vra.
(b) Elke benoeming moet skriftelik wees en moet –
  (i) deur ses lede van die akademiese personeelkorps onderteken wees;
  (ii) vir ’n lid van die akademiese personeelkorps wees;
  (ii) vergesel wees van die skriftelike aanvaarding van sy of haar benoeming deur die benoemde, asook ’n verklaring deur hom of haar van nie meer as 200 woorde nie, waarin sy of haar curriculum vitae saamgevat is; en
  (iv) deur die registrateur ontvang word teen die datum wat hy of sy in die kennisgewing spesifiseer.
(c) Indien die registrateur ses of minder benoemings ontvang, moet hy of sy die benoemdes as behoorlik verkies verklaar.

(d) Indien die registrateur meer as ses benoemings ontvang, moet hy of sy 'n stemming onder die akademiese personeelkorps hou. Oor die metode waarop die stemmery gehou word, sal die raad van tyd tot tyd besluit.

(e) Indien die registrateur minder as ses benoemings ontvang, moet hy of sy die proses beskryf in (a), (b) en (c) herhaal om die getal van ses kandidate te verkry.

(7) Die prosedure waarvolgens die professionele, administratiewe, ondersteuning- en dienste-personeelkorps ses lede uit hul eie geledere tot lede van die kieskollege verkies, is soos volg -

(a) Die registrateur moet 'n kennisgewing op sodanige wyse as wat die raad besluit, publiseer om benoemings te vra.

(b) Elke benoeming moet skriftelik wees en moet –

(i) deur ses lede van hierdie personeelkorpse onderteken wees;

(ii) vir 'n lid van hierdie personeelkorpse wees;

(iii) vergesel wees van die skriftelike aanvaarding van sy of haar benoeming deur die benoemde, asook 'n verklaring deur hom of haar van nie meer as 200 woorde nie, waarin sy of haar curriculum vitae saamgevat is; en

(iv) deur die registrateur ontvang word teen die datum wat hy of sy in die kennisgewing spesifiseer.

(c) Indien die registrateur ses benoemings ontvang, moet hy of sy die benoemdes as verkies verklaar.

(d) Indien die registrateur meer as ses benoemings ontvang, moet hy of sy 'n stemming onder hierdie personeelkorpse hou. Die metode waarvolgens hierdie stemmery gehou word, sal van tyd tot tyd deur die raad op besluit word.

(e) Indien die registrateur minder as ses benoemings ontvang, moet hy of sy die proses beskryf in (a), (b) en (c) herhaal om die getal van ses kandidate te verkry.

(8) Die ampstermyn van die –

(a) lede van die kieskollege wat deur die SRC verkies word, is 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum waarop dit die eerste keer saamgeroep word;

(b) ander lede van die kieskollege se ampstermyn is 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum waarop dit die eerste keer saamgeroep is.

(9) Indien 'n studentevakature binne 12 maande ontstaan, en die kieskollege moet byeenkom, moet die registrateur die SRC vra om enige vakature in die kategorie lede wat deur die SRC verkies word, te vul.

(10) Indien enige ander vakature in die kieskollege ontstaan en die kieskollege moet byeenkom, moet die registrateur -

(a) die persoon wat die volgende hoogste aantal stemme in die oorspronklike stemming gekry het, as verkies verklaar om die vakature te vul; of

(b) Indien die vakature in die kategorie van lede verkies deur gegradueerdes en diploma- en sertifikaathouers is, en indien daar geen sodanige persoon is nie, slegs weer 'n stemming hou om die vakature te vul as daar drie of meer vakatures is, in welke geval die stemming gehou moet word om al die vakatures

te vul; of

(c) Indien die vakature in enige ander kategorie voorkom en indien daar geen sodanige persoon is nie, ’n stemming hou om enige sodanige vakature te vul;

(11) Die kieskollege moet die kanselier per stembrief uit die benoemde kandidate verkies nadat die registrateur die verklarings van die kandidate rakende die amp van kanselier, aan die kieskollege verskaf het.

(12) Om verkies te word, moet ’n kandidaat ’n meerderheid van die uitgebragte stemme kry.

(13) Indien geen kandidaat ’n meerderheid van die stemme per stembrief uitgebring, kry nie, sal die kandidaat wat die minste stemme gekry het, uitval. ’n Verdere stemming of stemmings moet gehou word totdat ’n kandidaat ’n volstrekte meerderheid van stemme kry. Indien twee of meer kandidate ’n gelyke aantal minste stemme kry, moet ’n stemming gehou word om te besluit wie van hulle uitval.

(14) Die kieskollege bepaal sy eie prosedure behalwe dat –

(a) die president van die konvokasie, of indien nie moontlik nie, die visekanselier, of as albei nie kan nie, ’n lid van die kieskollege verkies deur die kieskollege, by sy vergaderings as voorsitter sal optree; en

(b) daar ’n kworum van 32 lede moet wees.

(15) ’n Persoon kwalifiseer nie vir benoeming om verkiesbaar te wees vir die amp van kanselier, of om voort te gaan in die amp van kanselier, of om ’n lid te wees van, of voort te gaan as ’n lid van die kieskollege nie, indien hy of sy –

(a) insolvent is, of word; of

(b) as geestesversteurd verklaar word deur ’n hof van die Republiek; of

**(c)** ná sy of haar verkiesing, skuldig bevind word aan ’n wetsoortreding en tot tronkstraf sonder die opsie van ’n boete gevonnis word deur ’n hof van die Republiek.

## 6. Ampstermyn van die kanselier

(1) Die kanselier se ampstermyn sal 10 jaar wees, of totdat hy of sy bedank, sterf, of hy of sy ingevolge paragraaf 5(15) nie meer kwalifiseer om die amp te beklee nie.

(2) Indien die kanselier afwesig is, of indien die pos vakant is, sal die visekanselier, of in sy of haar afwesigheid die waarnemende visekanselier, of ’n adjunk-visekanselier deur hom of haar benoem, of indien geeneen van hulle beskikbaar is nie, sodanige ander persoon wat die raad vir hierdie doel mag aanwys, namens die kanselier optree.

(3) Indien ’n vakature om watter rede ook al ontstaan, sal die kanselier wat dan verkies word, die pos vir 10 jaar beklee, of totdat hy of sy bedank, sterf, of totdat hy of sy ingevolge paragraaf 5(15) nie meer kwalifiseer om die amp te beklee nie.